Jan Marais:

Danksy hom is Naspers en *Die Burger* gebore

Die Burger vier sy 100ste bestaansjaar en nou verweef met hierdie koerant en sy moedermaatskappy, Nasionale Pers, is die naam Jannie Marais (1851-1915) en Het Jan Marais Nationale Fonds (HJMNF).
STEPHANIE NIEUWOUDT berig.

Oom Jannie, soos Jan Marais dikwels genoem is, was een van die belangrikste rolspelers in die totstandkoming van De Nationale Pers Beperkt (Naspers) en *De Burger*.

Die idee om 'n nasionale Afrikaanstalige nuusblad te stig is op 18 Desember 1914 deur 16 vooraanstaande Afrikaanssprekendes in Heemstede, destyds die huis van Hendrik Bergh, bestuurder van die Distriksbank in Stellenbosch, bespreek.

Waarom is Nasionale Pers gestig?

Luidens 'n artikel deur Martiens van Bart in *Die Burger* van 12 Augustus 2000 was daar met die ondertekening van die Vrede van Vereeniging (31 Mei 1902), waardeur 'n einde aan die Anglo-Boereoorlog gebring is, groot ontevredenheid onder talle Afrikaners landwyd.

Twaalf jaar later het die gemoedere nog hoër opgevlam toe generaals Louis Botha (eerste minister in die Unie-regering) en Jan Christiaan Smuts (minister van verdediging) met Brittanje se toetrede tot die Eerste Wêreldoorlog op 4 Augustus 1914 besluit om die Britte te steun, oorlog teen Duitsland te verklaar en Duits-Suidwes-Afrika in te val.

Onder genls. Christiaan de Wet, Koos de la Rey, C.F. Beyers, Jan Kemp, Manie Maritz en E.A. Conroy is 'n gewapende rebellie van stapel gestuur. Die rebellie word egter onderdruk en De la Rey en Beyers sterf onder "verdagte omstandighede".

In hierdie atmosfeer is die vergadering in Heemstede, wat sou lei tot die stigting van Nasionale Pers in Stellenbosch, gehou.

Die komitee is daardie aand nog na Jannie Marais met die pleidooi om £5 000 vir die koerant voor te skiet, 'n versoek wat hy daardie aand nog toegestaan het. Later sou hy hierdie aanvanklike bedrag met nog £25 000 as aandelekapitaal aanvul.

Jannie was die jongste van nege kinders wat saam met hul ouers op die plaas Coetzenburg gewoon het. Hy is as 19-jarige saam met drie van sy broers na die diamantdelwerye aan die Vaalrivier waar die een broer, Christiaan, 'n ryk kleim afgepen het.



Jannie Marais, Stellenbosch se weldoener. Hierdie foto is ook gebruik op die voorblad van prof. Pieter Kapp se nuwe boek, *Nalatenskappe sonder einde – Die verhaal van Jannie Marais en die Marais-broers*.

> "F.S. Malan, 'n minister in die Botha-regering, het hom in 'n brief sterk probeer afraai om by die beoogde koerant betrokke te raak."

Met hierdie sukses kon die broers hul sakebelange uitbrei. Hulle het ook kleims in Kimberley gekoop en groot aandeelhouers in die De Beers Consolidated Mines-groep geword.

Met sy terugkeer na Stellenbosch het Jannie en sy broer Frikkie Coetzenburg van hul ma gekoop – later het Jannie ook sy broer se aandeel gekoop.

As sakeman, filantroop en ook politikus was Jannie een van die mees geliefde en gerespekteerde inwoners van Stellenbosch.

En die manne wat graag 'n nuwe koerant die lig wou laat sien, het geweet dat hulle in hom 'n bondgenoot sou vind.

Die Botha-regering was nie gediend met die moontlikheid van 'n koerant wat teen die regering sou skryf nie.

Jannie se vriend en kollega F.S. Malan, 'n minister in die Botha-regering, het hom in 'n brief sterk probeer afraai om by die beoogde koerant betrokke te raak.

Prof. Pieter Kapp skryf in sy nuwe boek, *Nalatenskappe sonder einde – Die verhaal van Jannie Marais en die Marais-broers*, dat Jannie se antwoord dit duidelik maak dat die koerant se doel nie was om "haat en nijd en misverstand te kweken, maar juist die te voorkomen door vrije, rondborstige besprekingen".

Jannie en sy broer Christiaan het ook onderskeidelik 5 000 en 1 000 aandele in die nuwe koerant opgeneem. Hoewel Jannie nie 'n aktiewe rol in die totstandkoming van die nuwe maatskappy en koerant sou speel nie, sou die stigters nie tot handeling kon oorgaan sonder sy steun nie, skryf Kapp.

Op een van die min stigtingsvergaderings wat Jannie bygewoon het, is die Akte van Oprigting van die Maatskappy goedgekeur. Hy het ook voorgestel dat stemreg van aandeelhouers vasgestel word as een stem per vyftig aandele.

Toe die plan om 'n drukpers te koop deur die mat val, het Jannie weer tot die nuwe koerant se redding gekom. Gelukkig was daar 'n drukpers te koop van die koerant *Transvaal Leader*, wat sy deure moes sluit. Jannie het dadelik ingestem om dit te koop, mits die maatskappy dit oorneem sodra hy dit kon bekostig.

Die doelwit met die nuwe koerant en die Nationale Pers Beperkt was om Afrikaanssprekendes te help om hul trots te herwin. Dit wou die betrokkenes doen deur politieke, ekonomiese en kulturele bemagtiging.

Die eerste redakteur was dr. D.F. Malan, 'n dominee van die NG kerk in Graaff-Reinet. Hy het die pos aanvaar nadat genl.

De Wet en 94 rebelle wat saam met hom in Kimberley in die tronk was, 'n brief aan Malan geskryf het waarin hulle hom versoek het om die leiding by die koerant te neem.

Later sou Malan eerste minis-

ter van Suid-Afrika word (1948 tot 1954).

Ongelukkig sou Jannie nooit die geleentheid kry om hierdie koerant te lees nie. Hy is op 30 Mei 1915 dood – twee maande voordat die eerste uitgawe op 26 Julie op straat verskyn het. Sy vrou het egter later 'n skildery laat maak waar Jannie 'n uitgawe van *Die Burger* vashou.

Naspers het sy eerste tydskrif, *De Huisgenoot*, in 1916 uitgegee, en twee jaar later het die maat-

"Jannie se antwoord het dit duidelik gemaak die koerant se doel was nie om 'haat en nijd en misverstand te kweken . . .'"

skappy ook 'n boekuitgewery, wat gegroei het tot die gesaghebbende Nasionale Boekhandel (NB-Uitgewers), in die lewe geroep.

Marais se testament het voorsiening gemaak vir die totstandkoming van Het Jan Marais Nationale Fonds (HJMNF). Hierdie fonds het van 1915 af sterk in Naspers belê en toe die maatskappy in 1994 op die aandelebeurs noteer, was HJMNF die vyfde grootste aandeelhouer.

Deur hierdie fonds word jaarliks miljoene rande geskenk aan Afrikaanse instellings dwarsoor Suid-Afrika en aan skole, tehuise vir bejaardes, gestremdes, kunsteprojekte en vele ander inisiatiewe in Stellenbosch.

En vandag, presies 100 jaar ná die dood van Jannie Marais, bring hierdie fonds – tydens 'n dinee vanaand by die Jan Marais-huis op Coetzenburg – hulde aan oom Jannie en sy grootse nalatenskap.

Kapp se *Nalatenskappe sonder einde* sal daar aan die gaste oorhandig word en die Stellenbosch Libertas-koor, een van HJMNF se bevoordeeldes, sal met sy optrede vir 'n hoogtepunt sorg.

Naspers sal verteenwoordig wees deur onder andere sy pas uitgetrede voorsitter, Ton Vosloo, en die uitvoerende hoof van Media24, Esmaré Weideman.

Frikkie Marais, 'n broer van Jannie wat saam met hom die plaas Coetzenburg van hul ma gekoop het.